Grondkunde Vereeniging van Suid-Afrika

Huldeblyk aan Theo Dohse – 6 Mei 2016

Theo Dohse was vir 49 jaar lid van die Grondkunde Vereeniging van Suid-Afrika (GVSA) en vir die laaste 32 jaar het hy as sekretaris op die raad gedien. Beide is besondere mylpale wat nie maklik herhaal sal word nie. As Vereeniging het ons ongelooflik gebaat by Theo se kennis van ons lede, ons konstitusie en die geskiedenis van die GVSA. Hy was lief vir Grondkunde as vak en het ‘n baie goeie kennis van die verspreiding van gronde in Suid-Afrika gehad. Deur sy vele grondopname ekspedisies het hy die land goed leer ken wat hy dan ook met sy vrou Rene gedeel het.

Sy liefde vir die vak het nie by praat gebly nie, want hy het ook baie gedoen en was betrokke in die uitleef van die vak op vele terreine. Hy het jong mense geïnspireer en was entoesiasties oor skoolprojekte.

Saam met Rene het hulle iets soos 30 Grondkunde kongresse bygewoon en by vele daarvan het Rene dan ook diens gedoen. Waar Theo gegaan het was Rene meestal aan sy sy.

Vir sy betrokkenheid in die Grondkunde Vereeniging van Suid Afrika is Theo in 1994 reeds met ‘n silver medalje vereer. Sedert die stigting van die GVSA in 1953 was daar nog net 21 erelede en Theo Dohse was een van hulle. Voorwaar ‘n merkwaardige prestasie. Ons sal hom mis. Die wysheid, advies en stories … Ons sal vir Theo mis!

Namens die Grondkunde Vereeniging van Suid Afrika wil ons vir Theo, Rene en gesin bedank vir Theo se lojale en onbaatsigtige diens en opoffering deur die jare. Ons gebede en denke is met julle gedurende die hartseer tyd sowel as daar na.

‘n Tekening gepubliseer in die GVSA nuusbrief van 2010, Vol. 90, bladsy 8 met die byskrif:

“Theo is working some magic with soil, while (*from left to right*) Freddie Ellis, Jan Schoeman, Dave Turner and Chris MacVicar wait for the result!”

R van Antwerpen
GVSA President